



**BESTUURSBOEK
MANAGEMENT BOOK**

**Inheemse Poena Profyt
Indigenous Polled Profit**

BELANGRIKE PUNTE OM KALFSEISOENE TE BEPAAL:

Voor u enige besluite neem wanneer en hoe u u diere wil paar, moet u verstaan dat die diere onder bepaalde omstandighede bepaalde behoeftes het.

Koeie met kalwers het goeie weiding nodig omrede die koeie melk produseer en ook nog bul moet vat (nat of reën seisoen).

Koeie in 'n vroeë stadium van dragtigheid het nie goeie weiding nodig nie (in winter of droë seisoen).

Koeie 6 weke voor kalf se behoeftes neem weer baie toe en kan selfs die konsepsie op die volgende seisoen bepaal. Meeste telers faal gewoonlik by die ouderdom tussen speen- en 12 maande. Dit is gewoonlik hier waar u mooi speenkalwers het en oor 'n maand skrik u vir die verandering a.g.v. speenskok. Maak 'n plan om die gewigsverlies tot die minimum te beperk. **Onthou die bul is die produk wat u verkoop en die verse u fabriek.**

Dit sal dan goed wees as u besluit wanneer die koeie/verse by die bul gesit word om kalwing te bepaal. Aangesien Produksie aantekening verpigtend is, sal dit goed wees om 'n kalfseisoen te hê indien u nie reeds een het nie.

AANVAARBARE PARINGS

SP-bul of SP-koei X ander ras = Basis Koei
(indien goedgekeur word)

SP-bul x basis koei = Aanhangsel A-koei
(indien goedgekeur word)

SP-bul X A-koei = Aanhangsel B-koei/B-bul
(indien goedgekeur word)

SP-bul X B-koei = SP-koeie/SP-bul
(indien goedgekeur word)

B-bul X SP-koei = SP-koei/SP-bul
(indien goedgekeur word)

Elke teler besluit self watter koeie hy by watter bul wil sit. Alhoewel dit belangrik is, maak dit nie saak watter metode u gebruik nie, solank u glo dat die diere wat u teel die gemiddeld van u kudde verbeter.

VAN GEBOORTE TOT VOLWASSE DIER:

*Merk die kalf met 'n nommerplaatjie of permanente merk vir identifikasie in die oor.

*Meld die kalf se geboorte binne 60 dae by Stamboek aan.

*Weeg kalf by geboorte

*Weeg koei by geboorte (indien moontlik)

- *Weeg kalf en koeie op speen
- *Weeg kalf 12 maande **of** 18 maande

Of

Weeg 12 maande **en** 18 maande

Bulle begin met Fase D voor of met 12 maandegewigte (kontak die kantoor vir verdere inligting) (bestuur en weeg alle diere kwartaalliks en stuur die gepaste statistiek deur).

ONTHOU ASSEBLIEF OM AL DIE INLIGTING AAN MARIETJIE CAMPBELL TE STUUR. marietjiec@studbook.co.za

KEURING

Die keuring van diere word deur die teler self gereël. Keurders wat beskikbaar is, asook die kostestruktuur kan van die kantoor aangevra word.

Diere kan van die ouderdom van 12maande gekeur word. Dit word egter nie deur die Telersgenootskap aanbeveel nie aangesien diere nog baie kan verander tot hulle volwassenheid bereik. Die aanbeveling is om vroulike diere op 15 maande of ouer te keur. Bulle moet so oud as moontlik wees met keuring afhangende van die ouderdom waarop jy die diere wil bemark.

Met keuring word die diere geïnspekteer en goed - of afgekeur. Daar is 'n hele aantal redes hoekom diere afgekeur kan word. Hier is 'n lys van die meer algemene redes.

AFKEURREDES	KODE
Swart kleur	1
Wit bo die onderlyn	2
Lang of kort onderkaak of skewe bek	3
Abnormale hoewe of hoef groei	4
Swak rug	5
Gedraaide ruggraat	6
Kinkel in boonste derde van stert	7
Krul of wollerige hare in somer	8
Dubbel bespierung	9
Te klein vir ouderdom	10
Hipoplasie en skrotale defekte	11
Skede (vlesig/swaar) en prolaps	12
Ouderdom 1ste kalwing >39 mnde	13
Tussenkalfperiode >730 dae	14
Nie goed gepigmenteer	15
Enige oorerflike defek	16
Wilde temperament	17
Permanente waterige oë	18
Duiwelsgreep	19
Geen diepte	31

Te groot of ponie tipe	32
Growwe beenstruktuur	33
Plat of dakkige kruis	34
Sekel-, regop- of koeihakkig	36
Bakbenig, x benig of duiftonig	37
Regop- of deurtrapte kote	38
Swak uier en speen ontwikkeling	40
Onnatuurlike gang	41
Swak Konstitusie	42
Swak bespierung	43

Hier volg beskrywings van hoe die teler sy eie bees kan beoordeel

KOP:

Bek: Breë bek waar die kake mooi op mekaar sluit. Bo-kaak of onder-kaak mag nie korter of langer as die ander kaak wees nie. Dit mag ook nie skeef wees nie.

Neus: Die spieël van die neus moet mooi glad wees met goeie pigment en twee goed ontwikkelde neusgate. Die neus moet reguit afkom van die spits op die kop tussen die oë deur tot by die bek.

Ore: Die ore moet mooi langs die kop geplaas wees. Hulle moet mooi klein wees en skoon met kort

haartjiesop (groot harige ore dui op onsuiverheid).

Oë: Die oë van die Tuli moet ovaal- vormig wees met mooi lang oogwimpers. Diere moet nie oë hê wat heeltyd traan nie. Swak gevormde ronde oë of oë met swak gevormde oogwimpers is nie gewens nie, maar word nie noodwendig afgekeur nie.

Spits: Die spits van die diere moet mooi tussen die twee ore opgaan. As die dier van voor af gekyk word, moet die spits in die middel van die kop wees. By diere wat horings het is die spits nie sigbaar nie, so die diere moet mooi gevormde Sanga- horings hê (horings kom $\pm 10\%$ binne die Tuli ras voor. Kuddes moet dus probeer om nie die persentasie te oorskry nie).

NEK: Die nek van die dier moet mooi in die skouers invloei. Die nek van vroulike diere moet mooi glad wees met fyn plooitjies en 'n mooi nekvel. Die nek van bulle kan wel bietjie hariger wees en is gewoonlik bietjie donkerder van kleur as die res van die dier se lyf. Die bulle se nek word gewoonlik dikker as sy kop en kry 'n mooi gevormde "hump" op sy nek met sterk gevormde nekvel.

TOPLYN: Die diere moet 'n goeie reguit rug hê. Die vroulike diere moet mooi gevormde rugspiere hê, maar nie oorspied wees nie. 'n Dier moet nie 'n oormatige holrug of geboogde rug hê nie. Diere moet 'n goeie oogspier vertoon aangesien

dit een van die Tuli se sterkste punte is.

LENGTE EN DIEPTE: Die twee eienskappe gaan hand aan hand. As een nie reg is nie, lyk `n dier ongebalanseerd. Die dier moet goeie lengte met diepte hê. Diere moet nie so kort wees dat hy inmekaar gedruk lyk nie, maar ook nie so lank wees dat die dier `n hol rug vertoon nie.

AGTERKWART: Diere moet `n goed gespierde agterkwart hê. Die boud moet `n goeie lengte van die heup na die sitbeen vertoon met `n hang kruis wat dan verder afgaan tot op die enkel. Die spier moet nie te hoog opstyg in die lies en enkel nie en daar moet goeie definisie met `n goed ontwikkelde skilpadspier wees.

AGTERBENE: Ons soek goed ontwikkelde bene. Die beenstruktuur moet nie te dik wees nie. Die dier moet ook nie oormatig koei- hakkig of bakbenig wees nie. Bene wat van agter reguit uit die sitbeen reg af gaan grond toe, is ideaal met genoeg plek vir die koei se uier en bul se sak. Die agterbene, van die kant gesien, moet nie te regophakkig vertoon nie en ook nie te sekelhakkig wees nie.

POTE EN HOEWE: Diere moet goeie pote hê. Jong bulle met swak pote is geneig om later, as hulle swaarder word, probleme te ontwikkel. Dit het tot gevolg dat daar wel na die pote gekyk

moet word by vroulike diere alhoewel daar baie selde enige probleme by die vroulike diere voorkom. Die pote van 'n dier moet gemaklik beweeg. Diere waarvan die pote spring of glip, moet uitgeskot word.

SPRONG VAN RIB: Sprong van rib word nie altyd so belangrik geag nie, maar dit is egter een van die eienskappe wat die meeste gewig by 'n dier bepaal. Diepte en lengte, sonder die sprong van rib, sal ligte speenkalwers tot gevolg hê. Bly weg van platsydige diere. Hulle teel ligte, swak kalwers.

VOORKWART: Die dier moet 'n mooi diep en breë borskas hê. Hy moet ook goed geplaaste blaaië hê wat nie los bo die skouer uitloop nie. Daar moet ook genoegsame vleis aan die agterkant van die blad wees. Diere met te los skouers en duiwelsgreep, word afgekeur.

VOORBENE: Die voorbene moet reguit uit die skouer kom, afgaan grond toe sodat dit 'n breë bors vertoon. Al kom X bene of bakbene voor, word enige oormatige gevalle afgekeur.

SKEDE: Die bul moet 'n goeie sterk skede hê. 'n Skede wat met 'n 45 grade hoek afkom is selde 'n probleem. Enige skede wat met 'n skerp hoek val kan 'n probleem raak en as dit oormatig is sal so 'n dier afgekeur word. Die bul se skede moet bokant die denkbeeldige lyn wat jy trek van sy

voorste knie na die agterste knie, wees.

BALLE: Die bul moet goed ontwikkelde teelballe hê. Alhoewel `n 45 grade skewe sak binne die ras aanvaar word, is dit nog steeds ongewens en moet dit liever vermy word. Bulle met sakke wat meer as 45 grade draai of wat koeksister, moet geslag word.

VULVA/SPENE: Die vers moet `n goed ontwikkelde vulva vertoon. Dit is altyd goed om die vulva binne die groep te vergelyk. Die kondisie en siklus van die vers het `n invloed daarop. `n Vers wat in haar siklus is, se vulva sal groter vertoon as die een wat nie in siklus is nie. Die vers moet ook vier goed geplaaste spene hê. Koeie moet mooi klein uiertjies hê met vier mooi gepigmenteerde dun spene wat goed melk kan produseer. Aangesien bottelspene eers sigbaar word by koeie, moet aanvaar word dat sulke diere deur die teler uitgeskakel sal word.

STERT/STERTHEGTING: Die stert moet netjies uit die hangkruis kom. Dit moet twee derdes af hang en `n mooi goed-gevormde kwas hê. Die stert mag nie `n knak in die boonste derde van die stert hê nie.

KONSTITUSIE: Dit is seker een van die belangrikste eienskappe van die bees. Ons almal wil vet beeste hê wat goed produseer. Dus is dit belangrik dat ons die diere se konstitusie met

mekaar vergelyk. Daar is amper altyd diere in `n groep wat vetter is as die ander. Indien die diere almal goeie produseerders is, sal dit goed wees om die diere met die swakste kondisie telling te verkoop. Onthou net die volgende definisie: Konstitusie is die vermoë van goeie produserende diere om hulle kondisie te handhaaf (`n goeie produseerder raak ook vet, maar `n swak produseerder is altyd vet).

RASSTANDAARDE: Dit word vervat in die boek, maar kan van tyd tot tyd verander soos die Raad probleme binne die ras identifiseer en die Rasstandaard daarvolgens aanpas.

Verse moet binne 39 maande hulle eerste kalf gee. `n Vers behoort dus reeds op 33 maande, 3 maande dragtig te wees (vir uitsondering kan `n skrywe aan die Raad gerig word wat bespreek sal word en goed- of afgekeur sal word.)

Koeie mag `n TKP van 730 dae of korter tussen haar eerste en tweede kalf hê. Daarna moet koeie `n gemiddelde TKP van 630 dae of minder handhaaf.

STANDAARDE WAARAAN RASEGTETELING MOET VOLDOEN: Vroulik: vroulike diere hoef nie `n bepaalde indeks te hê nie, maar moet deur die inspekteur goedgekeur word. Sy moet dus nie (ponie- of reusagtig) uitermatig klein of uitermatig groot wees nie. Die belangrikste

eienskap van vroulike diere is om binne `n bepaalde ouderdom te begin kalf en 'n goeie TKP te handhaaf. Vroulike diere moet ook goeie kwaliteit kalwers speen. Onvrugbare diere en koeie wat swak kalwers sonder rede speen, moet uit die kudde verwyder word. Moet nie sulke diere aan die kommersiële mark verkoop nie. Laat sulke diere slag. Goeie oorskot diere kan aan die kommersiële mark verkoop word, indien hulle nie binne die stoetbedryf bly nie.

Manlik: manlike diere moet `n gemiddelde indeks van 90% of beter hê, anders sal die dier nie gekeur word nie. Manlike diere moet ras-eg wees en moet deur inspekteurs goedgekeur wees. Alle stoetvaarders moet DNS profiele hê en ouerskap moet bewys word indien moontlik. Elke teler moet daarop let dat alle goedgekeurde bulle nie stoet- potensiaal het nie. Dus moet `n teler mooi dink voordat hy net `n SP bul koop. Koop bulle wat `n duidelike bydrae kan maak tot u genetica en kudde.

Vir manlike diere wat as KI bulle aangebied word, moet die teler skriftelik by die Raad aansoek doen. Die Raad sal na die bul se statistiek kyk, asook die prestasie van die bul se nageslag en reël dat die bul weer geïnspekteur word. Die keurder sal dan `n aanbeveling aan die Raad maak met redes waarom die bul as KI bul goedgekeur of afgekeur moet word.



BESTUURSBOEK / MANAGEMENT BOOK

Tel - 051 410 0958

E-pos - liezel@studbook.co.za

Webblad - www.tulicattle.co.za

Posbus 506
Bloemfontein
9300

